

Pretoriana



Kopiereg voorbehou.

Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

1. Redaksioneel/Editorial: Ons Voorsitter aan die Woord.
2. Z.K.H. Prlns Bernhard der Nederlanden te Pretoria.
3. Die Universiteit van Pretoria vereer Pierneef.
4. Dr. F. J. du T. Spies: Uit die briewe van Sir Arnold Theiler.
5. Die Skooltuinekompetiese.
6. H. M. Rex: Klaas van Rysse Jr.
7. A. M. Davey: A Perilous Mission.
8. Norman Eaton: The Need to Preserve for posterity the best examples of past creative efforts.
9. H. Preiss: Opmerkings in verband met besoeke aan twee Opelugmuseums.
10. Dr. J. Ploeger: Wysiging van Statute en H. R. van die „Ver. van Onderwyzers en Onderwyzersessen i. d. Z.A. Republiek

ONS VOORSITTER AAN DIE WOORD

HIERMEE verwelkom die „Genootskap Oud-Pretoria” ons nuwe redakteur, mnr. H. M. Rex. Hy is aan almal bekend as ’n ywerige navorsor van ons stad se geskiedenis en ’n vaardige skrywer. Sy M.A.-verhandeling handel oor die geskiedenis van die ontstaan van Pretoria en sy ontwikkeling tot regeringsetel van die Suid-Afrikaanse Republiek en in verband daarmee die voorsiening van regeringskantore in Pretoria tot en met die oprigting van die Eerste Ou Goewermentsgebou (1852–1870). Oor die geskiedenis van Pretoria het hy reeds hoogs interessante bydraes gepubliseer en lesings gelewer. Ons is seker dat hy ons blad, „Pretoriana,” na die beste van sy vermoë sal redigeer.

Aan dr. T. S. van Rooyen, ons voormalige redakteur, wat onlangs as redakteur van „Pretoriana” bedank het, ons opregte dank vir die uiters waardevolle dienste wat hy aan die „Genootskap Oud-Pretoria” en „Pretoriana” bewys het. Vanaf 1952 was hy verbonde aan die redaksie van ons blad en gedurende hierdie tydperk het „Pretoriana” groot vooruitgang gemaak, ’n hoë joernalistieke peil bereik en veel byval gevind. Veral ons Eufeessuitgawe (Nrs. 16 & 17, Julie—Sept. 1955), waarvan duisende eksemplare oor die hele S.A. en selfs oorsee versprei is, was ’n mooi prestasie wat van oraloor baie waardering uitgelok het.

Afgesien van die verandering in die redaksie, kondig ons hiermee ook ’n nuwe beleid aan. Die Bestuur van die „Genootskap Oud-Pretoria” het naamlik onlangs besluit dat „Pretoriana” in die vervolg drie keer per jaar sal verskyn i.p.v. vier keer per jaar soos vroeër, en wel in die loop van April, Augustus en Desember. Die totale aantal bladsye vir die drie uitgawes sal egter ongeveer dieselfde bly as vir vier uitgawes van voorheen. Hierdeur sal elke uitgawe van ons blad op 28 of 32 bladsye te staan kom.

Lede word vriendelik dog dringend versoek om bydraes oor enige aanleentheid van ons Genootskap en die geskiedenis van ons stad en distrik aan die *Redakteur van „Pretoriana,” Posbus 1422, Pretoria*, te stuur. Veral historiese foto’s van persone en gebeurtenisse van Ou-Pretoria sal verwelkom word. Dit sal ook besonder op prys gestel word as u, geagte leser, pogings in die werk sal stel om van vriende en belangstellendes bydraes vir publikasie in „Pretoriana” te kry.

— W. PUNT.

Z.K.H. Prins Bernhard

DER NEDERLANDEN
TE PRETORIA.

*„Ik heb bijzonder veel door de
wêreld gereisd, maar zoiets als
vanavond heb ik toch nergens
ondervonden”*

DE NEDERLANDSCHE VEREENIGING te Pretoria kreeg het voorrecht een avond te organiseren voor de Nederlandse gemeenschap te Pretoria, alwaar Z.K.H. als gast in hun miden zou zijn.



Sy Koninklike Hoogheid, Prins Bernhard van Nederland (links op foto), is by sy aankoms op die Jan Smuts-lughawe, op 25 September 1954, ontmoet deur die Ambassadeur van Nederland in S.A., mnr. Jan van den Berg (in die middel), en die Goewerneur-Generaal, dr. E. G. Jansen (heel regs).

De Zuid Afrikaanse Regering had voor dit doel het Amphitheater der Uniegebouwen beschikbaar gesteld.

Zaterdag 25 September 1954 deed Z.K.H. Prins Bernhard der Nederlanden zijn intocht te Pretoria. 's Middags tegen 4 uur kwamen reeds de eersten een plaats veroveren in het amphitheater. De ceremoniemeester, de Heer H. S. Heslinga, bestuurslid der Nederlandsche Vereeniging te Pretoria, had een staf van 24 ordecommissarissen om de duizendkoppige menigte (meer dan 5,000) te helpen een plaats te krijgen en de orde te handhaven. De wijze, waarop het binnentreden van de Prins geregeld was, kan zonder overdrijving als een meesterlijk staaltje van regie betiteld worden. De auto's reden tot de achteruitgang van de Uniegebouwen. Hier kreeg Z.K.H., begeleid door de vice-voorzitter der Nederlandsche Vereeniging, Jhr. W. van Beyma, in de omlijsting van de monumentale poorten, het panorama van Pretoria voor ogen met zijn ontelbare lichtjes en kleurrijke lichtreclames. Staande op de bovenste treden van de stenen trap, ontwaarde hij daar plotseling in de diepte de door schijnwerpers verlichte „arena,” waaruit een hem door al die duizenden toegezongen „Wilhelmus” opklonk. Dit moet wel een overweldigende aanblik voor hem geweest zijn, zoals hij trouwens op de avond ook zelf getuigde. Kinderen uit de Nederlandse gemeenschap brachten Z.K.H. een hulde. Vier groepen jongens en meisjes met kleurige lampions kwamen uit de kolommen-galerij en boden een feeëriek aanblik. Twee jongens en twee meisjes brachten Z.K.H. een geschenk voor de 4 Prinsessen. Z.K.H., die gezeten was in een leunstoel van onze geëerde President Kruger, kwam de kinderen tegemoet en bedankte hen hartelijk. Hierna zong het Dameszangkoor Bel Canto „Salve Regina.”

Hierna nam Jhr. W. van Beyma het woord en sprak als volgt:

„Van de bijna 8,000 Nederlanders te Pretoria en omgeving heeft een zeer groot aantal gehoor gegeven aan de oproep om hier vanavond aanwezig te zijn. Tallozen hebben er een rit voor over gehad om honderden mijlen te rijden om Uwe Koninklijke Hoogheid te mogen verwelkomen.

„Maar wat is vèr in dit onmetelijke land met zijn verlaten vlaktes? Komende uit een land als Nederland, waar men gezellig dicht bij elkaar woont, waar het water een nimmeraflatende vijand is en een levensbelager . . . en aankomend in dit dun bevolkte land, waar water een zegen is en een levensbrenger, heeft de Nederlandse immigrant, zoals te begrijpen is, een tijd van rustige aanpassing nodig. Het is een niet hoog genoeg te schatten voorrecht, dat dit uitgestrekte land reeds zovelen van ons heeft kunnen opnemen en, naar het zich laat aanzien, aan nog vele Nederlanders een nieuw vaderland zal kunnen geven. De grijze en wijze staatsman, Paul Kruger, wiens stoel Uwe Koninklijke Hoogheid op dit ogenblik tot zetel dient, heeft deze bezonken woorden gesproken

„Neemt uit het verleden dat wat goed is en opbouwend.” Zo nemen de Nederlanders in Zuid-Afrika deze wijze woorden ter harte, door de goede dingen uit het oude vaderland niet te vergeten, maar dese te paren aan het vele goede in dit, hun nieuwe vaderland.”

Hierna volgde de aanbieding van een gouden herdenkingspenning, waarvan de spreker zei: „Deze gedenkpenning is door artistenhand vervaardigd uit het zuiverste goud, dat Zuid-Afrika vermag voort te brengen.

„Koninklijke Hoogheid! het is mij een grote vreugde U deze penning te mogen aanbieden als een blijvende herinnering aan Uw tegenwoordigheid in ons midden.”

Toen trad de Prins voor de microfoon.

„Het is werkelijk moeilijk voor mij onder woorden te brengen, hoe bijzonder ik getroffen ben door de wijze waarop U mij vanavond hier hebt ontvangen. Ik heb bijzonder veel door de wereld gereisd, zoals U mischien weet, maar zoiets als vanavond heb ik toch nergens ondervonden.

„Ik dank de Kerk, die voor deze avond mij de stoel van President Paul Kruger beschikbaar heeft willen stellen.

„Ik dank de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria voor het initiatief tot het organiseren van deze waarlijk grandioze ontvangst, en de geschenken voor mijn dochters. In het bijzonder dank ik U voor de prachtige penning.

„Het is goed en prachtig dat Nederlanders in Afrika elkaar blijven zoeken, niet om een staat in de staat te vormen, maar om getuigenis te geven van hun saamhorigheid, omdat zij komen uit een land, waarop zij trots kunnen zijn en dat zij nooit mogen verloochenen. En alleen zij kunnen de achting van de bewoners van dit land verwerven, die het beste van wat zij hebben meegebracht, ten dienste stellen van Zuid-Afrika, die eerbied betonen voor de tradities van dit land en voor de opvattingen, die hier worden gehuldigd. Ik wens u hierbij van harte succes toe. Bewaar de eendracht, versnipper U nooit, blijf elkaar tot steun.

„Het doet ons genoegen te constateren, dat op bijzondere gedenkdagen voor Nederland gij steeds tezamen zijt en blijf geeft van uw aller aanhankelijkheid en liefde voor het moederland.

„Met groeten uit Nederland, breng ik U ook de allerbeste wensen over van mijn gezin en van het Nederlandse volk voor uw welzijn in Zuid-Afrika.”

De avond was een glanspunt van de eerste grootte voor de Nederlandsche Vereeniging te Pretoria.

Die Universiteit van Pretoria vereer Pierneef.

Iets (tydens die gradeplegtigheid) wat nie gou vergeet sal word nie, is die gesig van die bleek, blonde Pierneef in sy rooi gewaad, terwyl hy aan die arm van mnr. C. H. Stuart, die assistent-registrateur van die Universiteit, die trappe na die verhoog bestyg het. (Die Vaderland, 1/4/57).

JACOB HENDRIK PIERNEEF, die bekende Suid-Afrikaanse kunsskilder, is op 30 Maart 1957 vereer met 'n ere-doktorsgraad tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria. Dit was die enigste ere-doktorsgraad wat toegeken is. Die 70-jarige skilder was vir die afgelope paar maande ernstig siek en het maar twee dae voor die gradeplegtigheid uit die hospitaal gekom. Hy wou graag persoonlik die eerbewys ontvang. Adv. Charles te Water, kanselier van die Universiteit, het in sy verwelkomingswoord op 'n gevoelvolle wyse verwys na die innige, lewenslange vriendskap tussen hom en Pierneef — albei Pretorianers van geboorte — en dat dit vir die Kanselier persoonlik 'n groot eer is om die ere-doktorsgraad aan sy deurlugtige vriend toe te ken. Die groot skare van studente en gaste, verteenwoordigend van die hele S.A., het op 'n spontane wyse ook hulle hulde aan Pierneef gebring in die vorm van 'n langdurige toejuiging tydens die toekenning van die ere-doktorsgraad.

In die „Curricula Vitae van Promovendi vir Doktorsgrade” word gemeld dat Jacob Hendrik Pierneef op 13 Augustus 1886 in Pretoria gebore is. Sy vader was 'n gebore Nederlander en sy moeder 'n Transvaalse Boeredogter.

Sy vroeë onderwys het hy ontvang aan die ou Staatsgimnasium in die destydse hoofstad van die Suid-Afrikaanse Republiek, en hier het hy tekenlesse van die Hollandse skoolmeester Hondius gekry.

Kort na die val van Pretoria in Britse hande in 1900 moes die hele Pierneef-gesin die land verlaat en in gedwonge ballingskap na Nederland verhuis. In Hilversum kom die jong Hendrik op skool en kon hy na die gewone skoolure boukundige tekenlesse van 'n argitek ontvang, omdat sy vader hom graag as boumeester wou laat oplei. Die vrye tyd wat nog oor was, is nuttig bestee deur in 'n verffabriek te gaan werk, waar hy vroeg reeds eerste-handse kennis van verf en skildermateriaal opgedoen het.

Later verhuis sy ouers na Rotterdam, sodat hy verdere opleiding in die kuns aan die Rotterdamse Akademie kon geniet. Hy het veel geteken en ook die landskap in waterverf begin skilder.

Voor einde 1902 was die Pierneefs terug in Pretoria. Dan kry die jong kunstenaar les van die bekende skilder Frans Oerder en geniet hy



Foto: Met erkenning aan „The Pretoria News.”

Mnr. Pierneef afgeneem in geselskap van 'n paar ou-Pretorianers: Wyle mnr. Albert Kuit (heel links), dan volg mnr. Michael Brink, dan mnr. Pierneef, en heel regs, wyle mnr. Kenne Malherbe.




Foto: Constance Stuart, Pretoria.

Die kunsskilder Pierneef in sy studeerkamer afgeneem.

ook die hulp en aanmoediging van die beeldhouer en skilder Anton van Wouw. *Vir houtsnee* — waarin Pierneef hom later so uitmuntend uitdruk — asook vir etswerk het hy die leiding ontvang van die Ierse skilder en grafiese kunstenaar George Smithard.

In 1911 neem hy deel aan die groepstentoonstelling van „The Guild of South African Artists in Johannesburg.” In 1913 hou hy sy eerste selfstandige tentoonstelling en wel in Pretoria.

Eers was hy klerk in ’n tabak- en sigarewinkel in Pretoria maar vanaf 1912 was hy, hoofsaaklik saans, werksaam in die Staatsbiblioteek, sodat hy bedags kon skilder. Omstreeks 1920 het hy kunsdosent geword en was in dié hoedanigheid werksaam aan die Normaalkollege van Pretoria en van Heidelberg.

Sedert 1923 word hy voltydse skilder van beroep. Voor 1926 het hy hoofsaaklik realisties, later impressionisties, soms abstrak en kubisties geskilder. Vanaf 1926 het hy meer deurgaans in monumentaal-dekoratiewe styltrant gewerk en veral as landskapskilder ’n hoë, artistieke prestasie gelewer. Beide in en buite Suid-Afrika het hy erkenning en waardering verwerf as iemand met ’n heel persoonlike styl, deur kritici van buite geroem as iemand met ’n eie Afrikaanse idioom in sy werk.

Hy het oral in sy vaderland en daar buite tentoongestel en sy werke is versprei in verskeie lande.

Hy is een van die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat vereer is by toekening van die erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie.

UITNODIGING NA SKOOLKERMIS BY DANVILLE LAERSKOOI

Die lede van die Genootskap Oud-Pretoria word hiermee hartlik uitgenooi na die Skoolkermis wat op 4 Mei 1957 by Danville Laerskool gehou word. Afgesien van die gewone interessante bedrywighede wat op so’n skoolkermis plaasvind, vind daar om half elf die oggend ’n plegtige vlaghysingseremonie plaas, waarskynlik die eerste van sy soort in Transvaal nadat die Unievlag op 6 April as die enigste landsvlag van die Unie van Suid-Afrika geproklameer is. In die binneplein van die skoolgebou sal daar in die loop van die dag ’n unieke en kleurvolle versameling van historiese vlae, wat op een of ander tydstip in Suid-Afrika gewapper het, te sien wees. Die besigtiging van hierdie Suid-Afrikaanse historiese vlae sal op sigself die moeite van ’n besoek loon. Dr. Punt, hoof van Danville Laerskool het in die loop van jare geen koste of moeite ontsien om hierdie pragtige en unieke versameling van historiese vlae op te bou nie en u word nou in die geleentheid gestel om op 4 Mei a.s. die vlae te kom besigtig en verder ’n genoeglike dag saam met die personeel, leerlinge en ouers deur te bring op die terrein van Danville Laerskool in Marsburglaan 239, Danville, Pretoria-Wes. — Red.

SIR ARNOLD THEILER

*„As ek eenmaal 'n Afrikaner
geword het, sal ek gestaag so baie
ondervinding opgedoen het, dat ek in
staat sal wees om 'n veeartsenykundige
ontdekkingsverhaal te kan skryf . . .”*

ARNOLD THEILER, later sir Arnold Theiler, die man wat die fundamente gelê het vir die veeartsenykunde in Transvaal, die stigter van die wêreldberoemde inrigting van Onderstepoort, het as 'n onbekende Switserse veearts in 1891 na Transvaal emigreer. Hy was 'n ywerige briefskrywer; sy ouers en familie in Switserland is voortdurend op die hoogte gehou van sy wedervaringe in die nuwe land. Sy briewe, waarin deur prof. Henning goedgegunstelik 'n insae verleen is vir die gebruik van hierdie reeks, toon ons die karakter van 'n man wat met besondere vasthoudendheid en deursettingsvermoë, gepaard met 'n weergalose werkywer, bykans onoorkomelike moeilikhede oorwin het en 'n sukses van sy lewe soos weinig ander gemaak het. Aan Suid-Afrika het hy onskatbare dienste verleen en die meeste van sy arbeid is in en om Pretoria gelewer.

Gebore in die dorpje Frick in Switserland op 6 Maart 1867, het Arnold Theiler eers die gewone skoolopleiding geniet en hom daarna in Bern en tenslotte in Zurich tot veearts bekwaam. Sy vader was 'n onderwyser en 'n belangstellende botanikus van wie Theiler veral sy liefde vir plante en diere gekry het. Na sy opleiding in 1889 voltooi is, het hy eers 'n proef-tydperk as assistentveearts deurgemaak en toe 'n privaat praktyk begin. Die vooruitsigte was egter nie rooskleurig nie en hy het na iets anders begin uitsien. Van kleinsaf was daar ook by hom 'n begeerte om die wye wêreld buite die klein Switserland te sien.

Sy kans kom in 1891 toe die Switserse konsul in Pretoria, Constançon, by die emigrasie-departement in Switserland navraag doen na 'n jong veearts wie se vooruitsigte in Transvaal goed behoort te wees vanweë die veelvuldige veesiektes in hierdie land. 'n Vriend wat eers genader is, bedank en vra Theiler of hy wil gaan. Hy gryp die geleentheid aan. Geld vir die reis het hy nie gehad nie. Sy ouers kon hom ook nie help nie. Sy verloofde, wat hom later na Suid-Afrika sou volg, skiet hom egter die nodige geld voor.

Sy eerste brief gee 'n beskrywing van die reis, eers na Engeland en vandaar per Castle-boot na die Kaap, derde klas. Hy probeer so veel moontlik oefening in die Engelse taal kry maar reis ongelukkig saam met 'n groep Italiaanse emigrante. Origens studeer hy aanhoudend en is vervul met 'n vae verlange na sy ouerhuis. „Ek dink dikwels aan julle. En as die son in die oggend opkom, beskou ek dit as groete van my vaderland . . .



Dr. Arnold Theiler, Staatsveearts in diens van die S.A. Republiek.

Met elke myl wat die skip aflê, neem my vertroue in 'n goeie toekoms toe. God help die moedige dus voorwaarts." Van 'n Afrikaner aan boord verneem hy dat daar wel veeartse in Johannesburg is maar aangesien hulle nie goed opgelei is nie, kan hy hom gerus ook daar vestig. Dit laat hom ewewel twyfel of hy in hierdie stad moet gaan woon.


Op 7 Maart 1891 land hy in Kaapstad en kom tot die ontnugtering dat sy groot koffer met instrumente en veeartsenybenodighede in Engeland agtergebly het. „Dit was 'n baie onaangename ondervinding en maak my wanhopig. Ek sal darem nie moed verloor nie.”

Die volgende brief is vanuit Johannesburg, gedateer 17 Maart 1891. Die treinreis van Kaapstad tot Vryburg, die eindpunt van die spoor, het van Sondag tot Dinsdagaand geduur. Hy het derde klas gereis, hoewel dit indruis teen die gewoonte, „... want ek wou spaarsaam wees.” Die

reiskaartjie het £3/4/6 gekos. Vanaf Vryburg na Johannesburg het die reis per poskoets gegaan; nog drie dae en nog £5. „Op ’n taamlike afstand kon ons al die sinkdakke en blik geboue sien. Ook die myne kon ons herken deur die rook wat daar opstyg. Ons het op ’n baie ongelyke pad gereis en selfs in die nabyheid van die stad is daar nie eers goeie paaie nie.”

Hy kry by ’n Switser onderdak en besoek meer landgenote. Steeds is sy vraag of hy as veearts ’n bestaan sal kan maak. Die antwoord is dat hy wel sal slaag, indien nie as veearts nie dan tog as iets anders. „Die mense vra hier nie eintlik na mens se beroep nie. Elkeen doen wat hom die meeste geld inbring. Ek is seker dat hier werk vir my is want by die ingang van die stad het ek ’n groot baan vir perdewedrenne gesien.”

In die stad merk hy baie huurrytuie op wat deur twee perde getrek word, pragtige perde. „Op ons aspirante-skool het ons nie eers sulke perde gesien nie. Baie mense ry te perd, en ’n mens moet baie oppas om nie



Die personeel van die „Bezirkschule” in Frick, Switserland ongeveer 1878. Staande van links na regs: Rüetschi, Rüetschi, Rüetschi en Gut. Sittende van links na regs: Reinle, Theiler (die skoolhoof en vader van dr. Arnold Theiler) en Heer.

onderstebo gery te word nie. Daar is ook 'n trem met 70 perde, berede polisie, poskoetsperde en sirkusperde. My herbergier . . . reken dat daar 5,000 perde moet wees sonder om melding te maak van al die muile."

Na 'n week of wat in Johannesburg is Theiler na Pretoria waar die Switserse konsul aldaar hom aan die geldmagnaat Nellmapius voorgestel het. Nellmapius het hom 'n betrekking op sy plaas Irene aangebied en dis van hier dat hy op 31 Maart sy volgende brief skryf. „My werk is opsig hou oor perde, muile, koeie en kalwers, oor hulle voer, en beheer oor die bediendes wat na hulle kyk.” Dis nie moeilike werk nie maar hy sukkel om hom verstaanbaar te maak teenoor blankes, naturelle en kleurlinge wat daar in diens is.

„As veearts het ek in hierdie paar dae meer gesien as in een maand in my praktyk in Munster.” Aan siek diere is daar geen gebrek nie. Veral perdesiekte geniet sy aandag. „Sulke gevalle is daar op die oomblik volop, met die gevolg dat perde teen skandalige pryse verkoop word. Ook hierdie siekte sal my geleentheid tot studie gee.”

Sy salaris is £10 per maand, waarvan £4 tot £5 vir losies afgestaan moet



Emma Jegge (heel regs in voorste ry), die verloofde en latere eggenote van Dr. Arnold Theiler. Hier afgeneem op 18-jare leeftyd in Baden.

word. „Hierdie salaris is nie genoeg vir ’n afgestudeerde veearts nie, maar hoeveel is daar in Switserland wat bly sal wees om soveel te kry? Ek is vir die begin tevrede en hoop om na ses maande soveel geld gespaar te hê dat ek ’n praktyk kan begin.”

Die konsul het hom aangeraai om eers ses maande op ’n plaas te werk om vertrouwd te raak met die taal en toestande in die algemeen. Dan ’n praktyk. Die pasgestigte Landbougenootskap sal hom waarskynlik ’n sekere maandelikse bedrag waarborg as hy aan hulle dienste lewer en behulpsaam is met die oprigting van ’n landboutydskrif. Later kan miskien ’n staatsbetrekking volg.

„Daar bestaan ook ’n moontlikheid om as veearts na die perde van die Artillerie te kyk. Werk sal nie ontbreek nie . . . Ek hoop om in enkele jare soveel te verdien dat ek my geliefde ouers, broers en susters kan vergoed vir wat hulle vir my gedoen het. Ek kan ook ’n naam maak. Ywer en volharding sal my nie ontbreek nie.”

Sy indruk van Pretoria is dat dit eerder ’n groot dorp as ’n stad genoem kan word. „Die meeste huise is soos villas gebou en lê verskuil agter groen bome sodat die plek na ’n park lyk. Van ver af gesien lyk dit mooi. Besonder mooi is die groot treurwilgers. Groot geboue is die parlamentsgebou wat eersdaags voltooi sal word en etlike privaat geboue. Die lewe is andersins net soos in Johannesburg. Ek het hier ook twee Switsers ontmoet. Hulle is dit almal eens dat die gebraaide duiwe ook hier nie somar in ’n man se mond invlieg nie; maar dat met die nodige sorg hier in tien jaar soveel verdien kan word soos by die huis in dertig. My hele doel is om uiteindelik weer na die dierbare vaderland terug te keer en my broers en susters behulpsaam te wees om aangename betrekkinge te kry.”

Die volgende brief is vol heimwee. „Daar is bepaald oomblikke in my daelikse lewe wanneer ek meer aan julle en die vaderland dink as aan al die ander dinge. Hierdie gevoel keer weer wanneer ek niks te doen het nie en wanneer dit Sondag is. Dan wens ek dat ek by die huis kan wees en vertel wat ek alles gesien het . . . Dit is ’n gevoel van ’n leemte wat ek het. Maar dan kom weer ’n gevoel van kalmte en innerlike berusting.”

Besondere belangstelling het hy vir veesiektes, veral vir perdesiekte wat hierdie jaar besonder straf was. „Die manier waarop diere hier behandel word wanneer hulle perdesiekte het, is onsin. Dit gebeur dikwels dat wanneer ’n dier nie aan die siekte ten gronde gaan nie, hy as gevolg van die behandeling vrek.

Dikwels moet ek ’n hele nag by siek diere waak, maar dit moet ’n perd wees en nogal ’n lieflingsperd voor hierdie moeite gedoen word, omdat ’n muil aan sy lot oorgelaat word as hy sy medisyne gekry het . . . Dit is vir my maklik om aan te pas en ek het geen klagtes nie. Ek het nie gekom om ander te leer nie maar om self te leer. Daarom doen ek alles soos dit aan my voorgeskryf word, al handel ek ook dikwels teen my

beterwete. Ek sal later heeltemal ander maniere van behandeling toepas en sal geen ywer of moeite ontsien om sukses te behaal nie.”

Op alle gevrekte diere doen hy post mortem-ondersoek en het toe al 'n vermoede gehad oor die aard van die siekte. „Ek vorder vinnig met Engels . . . Hollands leer ek heeltemal terloops . . . Stadigaan leer ek ook die taal van die kaffers.”

Die volgende maand vertel hy van die eerste landboukou in Pretoria, op 13 Mei 1891, wat hy besoek het. Daar was wel min vee maar die gehalte was goed. Nellmapius het vyftien pryse verower. Hy het op alle gebiede uitgestaan.

Op 3 Junie skryf hy opgetoë dat die helfte van sy tyd op die plaas al byna verbly is en dat die ondervinding wat hy daar opdoen hom seker eendag goed te pas sal kom. „Na enkele jare, as ek eenmaal 'n Afrikaner geword het, sal ek gestaag so baie ondervinding opgedoen het, dat ek in staat sal wees om 'n veeartsenykundige ontdekkingsverhaal te kan skryf.”




Mev. Emma Theiler (regs op foto) afgeneem saam met 'n vriendin, mev. Le Febre, by wie sy en dr. Theiler in Sunnyside (Trevenna) ingewoon het kort na hulle huwelik en vestiging in Pretoria. Heel regs staan dr. Gertrud Theiler, verbonde aan Onderstepoort, dan volg die oudste seun van die Theilers (tans oorlede), en voor langs sy ma staan dr. Max Theiler, verbonde aan die „Rockefeller Institute” in Amerika. Heel links staan 'n ouer suster van dr. Gertrud Theiler.

Na aanleiding van die jubileum-viering van sy vader se skool skryf hy: „As u oudleerlinge u bedank, moet u onthou dat die dankbaarste van almal baie ver is. As een vra waarom ek weggegaan het, sê hom dat ek vertrek het omdat ek die stem van die hart gevolg het om 'n man te word op wie die ouers en broers en susters trots sal wees. Die begin is wel swaar maar ek streef my doel nog altyd met vreugde na.” Besonder uitvoerig skryf hy van sy ondersoek na dieresiektes.

Die volgende brief skryf hy meer as 'n maand later, op 24 Julie. Intussen het hy 'n tragiese ongeluk gehad deur sy een arm in 'n voer-snymasjien te verloor. Hy het dit egter aan sy ouers verswyg. Eers twee jaar later het sy vader daarvan gehoor en eers in 1899 sy moeder en die res van die familie. Dit was vir hom 'n krisistyd. Die verlies van die een arm het hom ontsettend gehinder in die uitoefening van sy pligte; tog het hy met taaie volharding sy ongeluk te bowe gekom.

In September verhuis hy na Pretoria waar hy 'n praktyk open. Hy is voorlopig in die Grand Hotel International woonagtig „waar ek vir huisvesting, kantoor en stal £12 per maand moet betaal.” Hoopvol voeg hy daarby: „As ek eenmaal goed bekend is, sal die koste nie te hoog wees nie, omdat ek vir elke besoek 12/- vra.”

Baie hoopvol is sy volgende brief. „Ek het al in die eerste week soveel



Dr. Arnold Theiler in sy laboratorium.

„verdien as by die huis in twee maande. Ek ver wag dus baie van die toekoms.”

Hy is van tyd tot tyd voornemens om studies te skryf oor die gevalle wat hy teenkom. „My studie oor perdesiekte sal ek in Engels en in Hollands publiseer en dit sal as ’n reklame vir my dien om ’n regerings-betrekking te kry. („Ik heb mijne ervaringen op het gebied der paarden-ziekte, rooiwater, sponsziekte e.a. inheemsche ziekten onder de huisdieren in deze landen in Europeesche wetenschappelijke tijdschriften neergelegd, welke door de wetenschappelijke critiek gunstig zijn opgenomen geworden.” Theiler aan T. J. Krogh, Onder-Staatsekretaris, Sept. 1897; R.7447/94.—Red.). Daar is reeds finansiële ondersteuning aan my toegesê om ’n stelsel van inenting teen perdesiekte uit te werk. Ek neem lesse in Hollands omdat ek dit moet ken as ek ’n staatsbetrekking wil beklee. Hier is talekennis baie belangrik. Dikwels gebeur dit dat ek in een van vyf verskillende tale moet praat: Duits, Frans, Engels, Hollands en Kaffertaal.”

Met vaste vertroue gaan hy die nuwe jaar 1892 in. Sy praktyk neem toe. Hy kry gemiddeld tien besoeke per dag en moet soms plase tot tien myl van die dorp af besoek. Om geld binne te kry is egter nie so maklik nie. „As die mense my al die geld betaal wat hulle my skuld en wat ek waarskynlik gaan verloor, kan ek my ouers lankal gehelp het,” skryf hy op 18 Maart 1892.

Later besluit hy om ook ’n smidswinkel te open waar perde beslaan kan word. „Die Engelsman kan hom geen veearts voorstel wat nie so ’n winkel het nie . . . Twee maande gelede het ek aansoek gedoen om die betrekking van veearts in die Artilleriekamp. Die generaal het my verhandeling oor perdesiekte gelees, en die Kaptein, wat vroeër politegnikus in Zurich was, is baie te gunste van my. Hy het my egter aangeraai om Christelike geduld te beoefen omdat hier alles baie stadig gaan, omdat generaal Joubert soos alle boere die veearts nie eintlik goedgesind is nie . . .” Die kaptein waarvan hierbo sprake was, is kaptein Zborl, Oostenryker van geboorte.

In Junie belowe hy sy vader ’n stuk goudkwarts vir sy versameling sodra die spoorlyn van Pretoria na Johannesburg in Oktober geopen is en daar ’n pakketposdiens na Europa ingestel sal word. Verder vra hy ’n handboek oor byeboerdery en deel mee dat hy ’n lang artikel oor veeleel skrywe.

Teen Augustus wag hy nog steeds op antwoord van die regering. Daar het intussen ’n pokke-epidemie in Swaziland uitbreek en toe het hy die regering aangebied om entstof te lewer indien nodig. Die opening van die smidswinkel word tot tyd en wyl uitgestel. „Ek kan met absolute sekerheid sê,” lui dit in ’n brief van ’n maand later, „dat ek hier eenmaal ’n staatsbetrekking sal beklee. Ek moet net oppas dat ek die geleentheid nie misloop nie. Dit is makliker om granietrotse te breek as die skedels van die Boere; hulle is so hardkoppig . . .”



Dr. Arnold Theiler op 60-jarige leeftyd.

Hy kom weer op die onderwerp van die Artilleriekamp terug waar sy aansoek om as veearts aangestel te word nog steeds nie geslaag het nie. Dit ten spyte van die feit dat hy wel in privaat hoedanigheid daar werk-saam is. Hy het onder andere die perd van die Kommandant, Henning Pretorius, self behandel. Hy sal nou weer aansoek doen en weer 'n onder-houd hê met kommandant-generaal Joubert. Interessant is sy verwagting dat hy in 1893 met die presidentsverkieping wel sou slaag. „Daar word van die volgende moontlikhede gepraat — of genl. Joubert word president of Pretorius kommandant-generaal — en dan is my aanstelling seker — of Kruger bly president wat die gevolg sal hê dat Joubert sal bedank.” Hy is nog vol vertroue dat hy eindelik staatsveearts sal word. „Net geduld! My onderneming sal beloon word. Ek moet egter nog vir 'n paar duisend frank instrumente aanskaf, wat ek uit Europa moet laat kom of hier laat maak. Ek wil bewys dat ek werklik in belang van die land werk. Gedurende hierdie week het die reëntyd aangebreek. Dit is ongelooflik wat so 'n reën hier kan bereik. Die donker kleur van die veld het verdwyn en 'n pragtige groen verbly die mens se oog en die leë maag van elke trek-os.”

Iets van sy lewensbeskouing vind ons in 'n brief van November 1892; „Geluk noem ek nie rykdom nie maar tevredenheid. Ek wil graag ook ryk word maar net om ander mense in die toestand te plaas waarin ek my bevind. 'n Man moet in die wêreld uitgaan om sy uitkyk op die lewe te vergroot.”

Die eerste maande wag hy nog tevergeefs op 'n betrekking. Hy stuur aan sy vader 'n aantal „natuurmonsters”, o.a. 'n likkewaanvel, die kop van 'n rietbok, die horings van 'n springbok, die skedel van 'n kaffer, kaffer-armbande, 'n kissie skoelappers, 'n blik vol kewers, sprinkane, hottenstotgode, spinnekoppe, rysmiere, ens.

In Mei het sy verloofde Emma Jegge na Suid-Afrika uitgekom na sy 'n tydlang in Engeland gewerk het om Engels magtig te word. Ook van haar briewe aan sy ouers is aanwesig. In Oktober 1893 is hulle getroud. Voor die tyd het hy na Johannesburg verhuis waar hy bestuurder van 'n sogenaamde limphplaas geword het waar entstof teen pokke vervaardig is. (In Sept. 1897 verwys Theiler na sy „vroegere aanstelling en werkzaamheid als leider van het in 1893 te Johannesburg tijdelijk opgerichte instituut voor de bereiding van koepokstof.” — R.7447/94 — Red.). Eers was dit binne die stad maar later is dit verplaas na Braamfontein. Die ligging is volgens hom baie mooi met 'n pragtige uitsig oor Johannesburg. Daar is 'n nuwe huis vir die inrigting gebou en alles is goed ingerig. Hy het 'n kamer vir homself gehad maar na sy troue moes hy 'n woning in die nabyheid teen £8 per maand huur. Hy het toe daaraan gedink om 'n stukkie grond te koop en 'n huis te laat bou. „Vir ongeveer £200—£250 kan mens 'n mooi huis bou.”

(Wörd Vervolg)

— F. J. DU T. SPIES.

Die Skooltuinekompetisie

SOOS bekend loof die Genootskap Oud-Pretoria elke jaar 'n pragtige skild uit vir die mooiste laerskooltuin in Pretoria en omgewing. Die kompetisie is voor verlede jaar tydens die eeufees ingestel en dit is dan ten minste een van die prestasies van die eeufeesjaar wat nie van verbygaande aard is nie.

Die doel van die kompetisie is hoofsaaklik om by die opgroeiende jeug liefde vir ons inheemse plantegroei aan te moedig. Ook word klem gelê op die aankweek van rose aangesien dit feitlik die tradisionele blomsoort van Ou-Pretoria was. In die ou dae was Pretoria tereg bekend as die stad van rose.

Verlede jaar het dertien skole aan die kompetisie deelgeneem. Ons sal graag sien dat die getal toeneem, ook veral dat die Engelsmediumskole geïnteresseerd raak. Die beoordeling het op 29 Oktober 1956 plaasgevind en die keurkomitee het bestaan uit mev. B. S. Peschel van Johannesburg en mev. E. Verloren van Themaat van Pretoria, albei deskundiges op die gebied van tuinuitleg. Hulle is bygestaan deur inspekteur Van Dalsen as verteenwoordiger van die Departement van Onderwys en mnr. J. P. Kleynhans (Oom Hansie) as verteenwoordiger van ons Genootskap.

Hieronder publiseer ons 'n puntetaat wat as voorbeeld kan dien op watter basis die punte toegeken word asook 'n tabel van die punte wat elke mededingende skool in die spesifieke afdelings behaal het. Dan word nog opgeneem enkele wenke van die twee dames-beoordelaars wat deur alle skole verwelkom sal word, asook 'n brief van waardering van dr. J. Oosthuisen, die hoof van Danie Malanskool, wat verlede jaar die skild gewen het.

Die skild, asook die tweede en derde prys, is op 7 Desember j.l. deur die onder-direkteur van Onderwys, mnr. W. J. Snyman, oorhandig. Dit het plaasgevind op die terrein van die skool wat eerste gekom het, Pretoria Tuine Laerskool, wat 'n pragtige funksie daarvan gemaak het.

KOMMENTAAR EN WENKE VAN DIE DAMES-BEOORDELAARS.


Mev. B. S. Peschel, werksaam by die firma Kirchoffs, Jorissenstraat 56, Braamfontein, een van die beoordelaars in verlede jaar se skooltuine-kompetisie, skrywe op 29 Oktober 1956 as volg aan die Sekretaris van ons Genootskap:

„Oor die algemeen was die tuine baie interessant en aantreklik, en 'n paar van die nutstes het merkwaardige resultate verkry. Ongelukkig vir Gezina het die skenkers van hulle struik en bome glad geen inheemses bygevoeg nie, met die gevolg dat hulle daar baie punte, volgens die opgestelde lys, verloor het.

GENOOTSKAP-RETORIA

Punte vir die skooltuinekompetisie op die volgende basis toegeken word:—

<i>Naam van Skool</i>	<i>Uitleg en Ontwerp</i> 25	<i>Voorkoms vanaf Straat</i> 15	<i>Inheemse plantegroei en bome</i> 15	<i>Kleur en rose effek.</i> 15 10		<i>Duursaam- heid</i> 10	<i>Netheid</i> 5	<i>Vry van peste en onkruid</i> 4	<i>Totaal Punte</i> 100	<i>Opmerkings</i>
Pretoria Tuine Laerskool	18½	9	12	8½	4½	6½	3½	3½	66	Baie goed, hoewel nog jong.
Gen. Andries Brinkskool	17½	10	5½	7	8½	7	4½	4	64	Goed.
Danvilleskool	17½	8½	10	6½	6½	6	3	3½	61½	Goed.
Pierneefskool	17	8½	8½	5½	8½	6½	3	3½	61	
Gezinaskool	18	8½	2	9	8	7	4	3½	60	Jammer geen inheemse bome. Struik aantreklik.
Gen. Jacques Pienaarskool ...	19	7½	4½	7½	4½	7½	3	3	56½	
Rietfontein Noord-skool	14½	7½	1½	5½	7½	6	4½	4	51	
Danie Malanskool	15½	8	2½	7	6	6	3	3	51	
Mayvilleskool	14½	7½	3	8½	7	5½	2½	2½	51	
Gen. Nicolaas Smitskool	15	9	2	5½	5½	5	2	2	46	
Eloffsdalskool	14	7½	2	5	3½	5½	3	3	43½	
Totiusdalskool	12	6½	0	5	7½	5½	3	3	42½	
Nu-Muckleneukskool... ..	12	7	2	5	1	7	2½	2½	39	Alles op een vlak.



Dr. W. Punt oorhandig die skild, wat jaarliks deur ons Genootskap uitgelooft word aan die mooiste laerskooltuin in Pretoria en omstreke, aan dr. J. Oosthuizen, hoof van die Danie Malanskool, die eerste wenner van die skild.

„Ek dink dat baie van die kaal draadheining aantrekliker sal wees met klimplante daarvoor, of met struik daarby, en dat kleurvolle meerjarige plante 'n plek behoort te vind in die tuinskemas. Baie van hierdie twee plantsoorte kan maklik en met min onkoste van saad gekweek word. Ek noem 'n paar:

Klimplante: Zimbabwe klimop (Podranea).
 Aristolochia (Dutchman's Pipe).
 Antiganor (Honolulu klimplant).
 Cobaea scandens (Blou klokke).

Meerjarige pers soorte: Monarda, Nierembergia, Statice perezii (met yslike pers blou sambrele).

Meerjarige geel soorte: Geum, Achillea.

Meerjarige blou soorte: Agathea (inheems).

Meerjarige gemeng, rooi pienk en oranje: Arctotis (inheems) Chelone, Pentstemon en die oulike pienk Armeria.

„Ek het dit geniet om die tuine te besigtig en voel seker dat die tuine baie pragtig sal word met 'n bietjie meer tyd.”

* * *

Van mev. Elsa Verloren van Themaat van Perseuslaan 4, Waterkloof, Pretoria, is die volgende brief ontvang, d.d. 2 Nov. 1956:

„U het seker al my puntestaat ontvang.

„Ek wil net weer byvoeg dat die Gezinaskool se poging ons bewondering afgedwing het, te meer omdat al die werk deur die leerlinge self gedoen is, onder moeilike omstandighede.

„Was dit nie dat hulle blykbaar nie geweet het dat inheemse bome en struik nogal swaar sou weeg nie, sou hulle waarskynlik eerste of tweede op die lys gekom het.

„Hiermee stuur ek 'n lys van inheemse plante (bome en struik) wat vir hierdie en ander skole dalk van waarde kan wees.

„Die meeste is te kry by Eckard se Kwekery.

INHEEMSE PLANTE :

Bome:

- (a) Van Wykshout (*Bolusanthus*).
- (b) Wit Stinkhout (*Celtis Kranssiana*).
- (c) Kareeboom (*Rhus*).
- (d) Oliehout.
- (e) Keurboom (*Virginia diversicata*).

Struik:

- Leonotis* (Oranje).
- Tecomasia Capensis* (Oranje-rooi).
- Plumbago Capensis* (Blou).
- Hypestis aristata* (Pers).
- Plant bostaande naby mekaar vir effek, veral in herfs.
- Polygala virgata* (Pers).
- Colesnemia*.
- Sutherlandia*.
- Bostaande drie is winter-soorte.
- Strelitsia* (voëlblom).

Plante:

- Tulbaghia*, *Kniphofia* (vuurpyle), *Gerbasa* (Barberton madeliefies), *Lobelia*, *Agapanthus*, *Cuchusa capensis* (vergeet-my-nie), *Diesama* (grasklokkies), *Feliciabergesiana* (blou madeliefies), *Vygie*-soorte (*Lampranthus*).

Saaibloem:

- Bokbaai*vygies, *Arctotis*, *Ursinia*, *Dimorphoteca* (Namaqualand), *Gasania*. Saaï in Februarie.

Bolplante:

Watsonias, Freesias (Saai saad in Januarie), Ixias, Sparaxis, Lachenatras.

Vetplante:

Cotyledon de Cussanta.

Cotyledon de Biculata.

Crossula portelacea.

Crossulata falcata.

Alwyne (enkele voorbeelde):

Aloe Aristata, Aloe Variegata, Aloe Krapohlana, Aloe Strata, Aloe Comptonii, Aloe Reitzii, Aloe Candelabra.

'n Boek oor Suid-Afrikaanse inheemse plante vir elke skoolbiblioteek as naslaanwerk is „South African Flowers for the Garden” — Sinna Eliosoos. Ook Reynolds se boek oor aalwyne.

Sluit veral aan by Kirstenbosch en kry pragtige saad.”

DANIE MALANSKOOL: 'n Waardige Wenner en 'n Sportiewe Verloorder.

Sy hoof, dr. Oosthuizen, Loof die Toekenning van die Skild.

Danie Malanskool,

Koos de la Reystraat,

Pretoria-Noord.

5 November 1956.

Die Voorsitter,
Genootskap Oud-Pretoria.

Waarde Heer,

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om die Genootskap Oud-Pretoria van harte geluk te wens met die pragtige gedagte om 'n skild en so 'n hoë geldprys toe te ken aan skole in Pretoria en omgewing vir mooi skoolgronde.

Danie Malanskool was die eerste skool wat die skild en geldprys verower het, en die skild het dan ook vanjaar 'n ereplek in die skool ingeneem. Vir die geldprys het ons inheemse bome gekoop en geplant. Ek dink dit sal gaaf wees indien Genootskap Oud-Pretoria aan elke skool wat die skild verower 'n skriftelike verduideliking gee van die voorstelling op die skild.

Die Administrasie, Departement van Onderwys en die Skoolraad doen reeds vir etlike jare hul uiterste bes om aan ons leerlinge skoolgronde te verskaf wat by die kind 'n gevoel van skoonheid, vir netheid en van trots sal opwek. Die outoriteite besef dat die kind al meer en meer van sy dag, weens omstandighede, by die skool moet deurbring.

Plase het plotte geword, plotte het erwe geword, erwe het halwe erwe geword en halwe erwe is besig om te verander in woonstelle. Die skoonheid van die natuur op die plaas word vervang deur 'n koue kamer hoog in die lug.

Die skool begin as gevolg van hierdie toestand al meer en meer die plek van die ouerhuis en sy omgewing inneem.

Nou kom die Genootskap Oud-Pretoria met hul pragtige gebaar en sterk die hande van ons outoriteite, hoofde en almal wat belangstel in die ontwikkeling van die kind se skoonheidsgevoel en sy liefde vir die natuur.

Ek is van mening dat die kind self meer aandeel moet hê in die ontwerp, uitleë, verfraaiing, onderhoud ens. van sy speelgronde. Die basis waarop die Genootskap sy punte toeken bied vir die onderwyser pragtige geleentheid om die kind voor te berei vir die lewe wat vir hom en vir haar wag as ouers met 'n eie huislike omgewing. Daar is die ontwerp, uitleë, die voorkoms van af die straat, inheemse plante en bome, kleur en effek, rose, netheid en vry van peste en onkruid.

Die kind moet so ge-inspireer word dat hy altyd daarna sal strewen om die moeder aarde te gebruik as hulpmiddel om sy huislike omgewing te verfraai, en om dit wat eie is aan sy land voort te plant of om te help voortplant. Die inheemse plante wat ons pragtige land versier, moet vir die kind lewende wesens wees wat smeek om beskerming en voortbestaan.

Tenslotte ons hartlike geluk aan Tuineskool wat die skild vanjaar van Danie Malanskool gebuit het. Ons wil net sê: „Loop wakker!”

Ons gelukwens ook aan Generaal Brinkskool en Danvilleskool dat hulle ons vanjaar so lieflik opgekeil het.

Met die meeste hoogagting,

Dienswillig die uwe,

Get: Dr. J. OOSTHUIZEN,

Hoof, Danie Malanskool.

INVITATION TO A SCHOOL FÊTE AT DANVILLE PRIMARY SCHOOL

Members of the Association Old Pretoria are hereby cordially invited to attend a huge School Fête to be held on Saturday, 4th May, 1957, at Danville Primary School, Marsburg Avenue, Danville. We specially want to bring to your notice a flag hoisting ceremony which will take place at 10.30 a.m. An added attraction will be a display of historical S.A. flags, a unique and very interesting collection in the possession of Danville Primary School. Your patronage will be highly appreciated. — Ed.

Klaas van Rysse Jr.

STAATSAMPTENAAR EN BOUKUNSTENAAR VAN DIE S.A.R.

KLAAS VAN RYSSE Jr. was een van 'n hele aantal Nederlanders wat gedurende die laaste twee dekades van die 19de eeu, as 'n staatsamptenaar en 'n private burger, 'n besonder belangrike rol in die Suid-Afrikaanse Republiek gespeel het.

In medewerking met Sytze Wierda, Hoof van die Departement van Publieke Werke van die S.A.R., het Van Rysse, vanaf 1887 tot en met die Tweede Vryheidsoorlog, sy nuwe vaderland, waarvan hy in 1898 volle burger geword het, in verskillende hoedanigheid en op verskillende terreine met liefdevolle toewyding gedien. Klaas van Rysse is lankal reeds oorlede en hy lê begrawe in Velp, in sy geboorteland, maar hier in Pretoria en ook op ander plekke in Transvaal, staan daar 'n hele aantal imposante openbare en private geboue wat as monumente van skoonheid en openbare nut sy gedagtenis in herinnering hou, afgesien van sy waardevolle werksaamheid in belang van die Suid-Afrikaanse Republiek in die algemeen en van die stad Pretoria en die Gereformeerde Gemeente van Pretoria in die besonder.

Klaas van Rysse Jr., na Sytze Wierda, die hoogste amptenaar van die Publieke Werke Departement van die Suid-Afrikaanse Republiek.



SY OPLEIDING AS ARGITEK.


Nadat Klaas van Rysse as 'n privaatleerling van Sytze Wierda van Amsterdam sy opleiding en vorming as argitek voltooi het, het hy hom in Zaandam, sy geboorteplek, as boukundige gevestig. Daar is hy aan die begin van 1887 in die huwelik bevestig met mev. Jacoba Hartgerink-Brummelkamp, die weduwee van Benjamin Brummelkamp. Laasgenoemde was 'n seun van professor Antonie Brummelkamp verbonde aan die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool in Kampen. Dit is vermeldenswaardig dat toe Klaas van Rysse na Amsterdam verhuis het om in diens te tree van mnr. Wierda, hy by die weduwee Brummelkamp gaan loseer het. Mettertyd het daar 'n liefdesverhouding tussen Van Rysse en mev. Hartgerink-Brummelkamp ontstaan wat vroeg in 1887 tot 'n baie gelukkige egverbintenis gelei het.

VERHUISING NA DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.

Kort na hulle huwelik het die egpaar Van Rysse en die kinders uit mev. Van Rysse se eerste huwelik, in geselskap van 'n aantal ander Nederlandse immigrante na die Suid-Afrikaanse Republiek vertrek. Hier in Pretoria het Klaas van Rysse as argitek in diens getree van G. R. Ockerse, 'n nyweraar wat 'n hele aantal belangrike handels- en nywerheidsbelange in die Republiek gehad het. In hierdie verband kan veral van Ockerse se steenmakery en leerlooierij melding gemaak word. Verskillende Nederlandse vakmanne is deur Ockerse na Pretoria gebring en hier deur hom van werk voorsien.

VAN RYSSE WEN VERTROU VAN REGERING.

In 1887 was die ontwerpplan vir 'n nuwe Goewermentsgebou in Pretoria gereed. Die nuwe Goewermentsgebou moes die Eerste Ou Goewermentsgebou, wat teen die einde van die sestiger en aan die begin van die sewintiger jare op die hoek van Marktstraat (die teenswoordige Paul Krugerstraat) en die Kerkplein opgerig is, vervang. Vir hierdie doel het die Regering van die Republiek destyds besluit om 'n bedrag van £25,000 te bewillig en 'n prysvraag vir 'n geskikte ontwerpplan uit te skrywe. Die ontwerpplan van argitek J. W. Leslie Simmonds het die eerste plek verower, maar voordat met die oprigting van die gebou 'n aanvang gemaak is, het die regering wyslik besluit om eers 'n Kommissie aan te stel om die ontwerpplan en bestek van die gebou noukeurig na te gaan. In hierdie Kommissie het die regering vir Klaas van Rysse as een van die lede aangestel. Hy het vervolgens as Sekretaris van die Kommissie opgetree en in daardie hoedanigheid het Van Rysse, met sy deeglike vakkundige kennis, hom besonder verdienstelik gemaak en was hy grotendeels verantwoordelik daarvoor dat die regering, veral op sy aandrang, uiteindelik besluit het om die ontwerpplan van Simmonds op te doek en ander reëlings te tref.



*Die kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria in Kerkstraat-
Wes, ontwerp deur Klaas van Rysse en opgerig in 1896.*

Deur sy gemotiveerde optrede en deskundige advies i.v.m. die Simmonds-ontwerpplan het Klaas van Rysse daarin geslaag om die vertroue van die regering in sy gesonde oordeel en deskundigheid volkome te wen. President Kruger het vervolgens vir Van Rysse versoek om 'n heeltmaal nuwe ontwerpplan op te stel waaroor die finale beslissing gevel sou word sodra president Kruger van sy destydse amptelike staatsbesoek aan die Oranje-Vrystaat sou teruggekeer het.

VAN RYSSE VOORLOPIGE „GOVERNEMENTS INGENIEUR EN ARGITEKT.”

Intussen is Van Rysse aangestel as die eerste voorlopige „Gouvernements Ingenieur en Argitekt,” 'n nuwe regeringsbetrekking wat destyds in die Republikeinse administrasie tot stand gekom het. Sytze Wierda het kort van tevore hom die aanstelling as „Gouvernements Ingenieur en Argitekt” van die S.A.R. laat welgeval en Van Rysse sou voorlopig die betrekking beklee totdat Wierda, sy vroeëre werkgewer in Amsterdam, in Pretoria vanuit Nederland opdaag. As Voorlopige G.I. & A. het Van Rysse vanaf Augustus tot Oktober 1887 in daardie hoedanigheid opgetree. Toe president Kruger op die laaste dag van Oktober 1887 na Pretoria vanuit Bloemfontein teruggekeer het, was Sytze Wierda, die pas-benoemde G.I. & A., een van die talle toeskouers wat die President by 'n versierde ereboog in Marktstraat verwelkom het. Die volgende oggend is Wierda deur president Kruger beëdig as die eerste permanente „Gouvernements Ingenieur en Argitekt” van die S.A.R. Sodoende het Van Rysse se tydelike diens oorbodig geword en is hy vervolgens onthef van die pligte wat hy vir 'n tydperk op 'n besonder eervolle wyse uitgevoer het.

VAN RYSSE WORD ASSISTENT VAN WIERDA.

Na aanleiding van vertoë wat Wierda, die G.I. & A., tot die regering gerig het, is Van Rysse kort na Wierda se indienstreding, as lg. se Assistent aangestel en in daardie hoedanigheid het Van Rysse in diens gebly van die Suid-Afrikaanse Republiek tot met die val daarvan. As die amptenaar wat tweede in beheer was van die uiters belangrike Departement van Publieke Werke (wat mettertyd tot stand gekom het), terwyl hy ook tydens Wierda se afwesigheid as Hoof van Publieke Werke waargeneem het, het Van Rysse uitmuntende en gewaardeerde dienste aan die Republiek gelewer.

ONTWERP PRIVATE EN KERKGEBOUE.

In 1889 het Van Rysse van die regering verlof ontvang om vir 'n bepaalde tyd die diens van die regering tydelik te verlaat. Van dié geleentheid het hy gebruik gemaak om, in vennootskap met die begaafde argitek E. J. Vixseboxse, 'n argiteksfirma op te rig. Dit moet in gedagte gehou



Die kerkgebou van die Ned. Herv. of Gerf. Gemeente van Pretoria op die hoek van Bosman- (vroëer Koch) en Vermeulenstraat, ontwerp deur Klaas van Rysse Jr. en J. B. Wyers en opgerig kort na die Tweede Vryheidsoorlog.

word dat daar teen die einde van die tagtiger en aan die begin van die negentiger jare, 'n geweldige opbloei van die boubedryf aan die Rand en in Pretoria plaasgevind het. In hierdie tydperk van sy samewerking met Vixseboxse, en ook toe hy voltyds in diens van die Departement van Publieke Werke was, het Van Rysse 'n hele aantal imposante private en openbare geboue ontwerp, afgesien van sy werksame en skeppende aandeel in die bedrywighede van die Departement van Publieke Werke. In hierdie verband kan genoem word die Z.A.S.M.-huis vir mnr. Middelberg, die Hoofbestuurder van die Z.A.S.M., op die hoek van Markt- (Paul Kruger-) en Jacob Maréstraat, tans in gebruik van die Departement van Naturelle Sake; 'n pawiljoen vir die Suid-Afrikaanse Republiek op die Wêreldtentoonstelling in Antwerpe in 1894; en 'n woonhuis vir mnr. P. W. T. Bell, Direkteur van die Staatsdrukkery, op die terrein van die Pretoriase Tegniese Kollege. Tenslotte kan nog verwys word na „Parkzicht” op die hoek van Jacob Maré- en Van der Waltstraat, ongetwyfeld een van Van Rysse se mees geslaagde ontwerpe. „Parkzicht” is destyds ontwerp as 'n woonhuis in die Vlaams-Renaissance-styl vir adv. Fred. Kleyn. Indertyd was die huis algemeen beskou as een van die sierlikste wonings in die destydse spogwoonbuurt van Pretoria. 'n Interessante ontwerp wat Van Rysse vir 'n nuwe amptelike presidentswoning gemaak het, het ongelukkig nooit in uitvoering gekom nie (Vgl. Eufealbum van Pretoria, bl. 63 vir tekening van huis.).

Dit is egter veral op die gebied van die kerkboukuns dat Klaas Van Rysse hom besonder verdienstelik gemaak het. Hy het naamlik die huidige kerkgebou van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria ontwerp, sowel as die kerkgebou op die terrein van die Melaatse Inrigting op Wesfort naby Pretoria. In medewerking met wyle J. B. Wyers, was hy ook verantwoordelik vir die ontwerp van die „Bosmanstraatse Grootkerk.”

TERUG NA NEDERLAND.

In Pretoria het Van Rysse in 1887 Erf Nr. 347 in Kerkstraat-Wes gekoop en daar het hy en sy gesin gewoon tot met hulle vertrek na Nederland. In 1888 is die erf oorgeplaas op die naam van mev. Van Rysse en eers geruime tyd na haar dood is hierdie erf en 'n ander een in Arcadia verkoop en haar boedelsake afgesluit.

Vanaf sy aankoms in Pretoria het Van Rysse 'n aktiewe en leidende aandeel geneem in die gemeentelike bedrywighede van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria. Mettertyd het hy vir 'n geruime tyd as Skriba van daardie Gemeente opgetree. Die Tweede Vryheidsoorlog het ongelukkig 'n einde gemaak aan die nuttige openbare loopbaan van Klaas van Rysse in die Republiek. Nadat hy 'n aktiewe aandeel geneem het in die Boere se heroïese stryd, het hy en sy gesin na Nederland teruggekeer en hulle vir goed in hulle geboorteland gaan vestig. Mev. van Rysse is in 1921 oorlede, terwyl haar eggenote eers geruime tyd daarna op 'n betreklik hoë leeftyd

oorlede is. Albei is oorlede in die dorpie Velp, waar hulle ook begrawe lê. Uit die huwelik van Van Rysse en mev. Hartgerink-Brummelkamp is daar geen kinders gebore nie.

Klaas van Rysse Jr. is een van 'n groot aantal Nederlanders wat deur Pretorianers steeds in dankbare herinnering gehou behoort te word. Mag die dag spoedig aanbreek dat Van Rysse se naam aan een of ander belangrike straat, park of openbare gebou gegee sal word.

— H. M. REX.

A PERILOUS MISSION

FROM Christmas Day 1880 to deep into the New Year Imperial troops in Pretoria were closely beset by Boer forces based on an encircling ring of laagers and „wagposte” at Donkerhoek, Wapadsnek, Rietvlei, Brakfontein, Doornkloof, Elandsfontein, Wonderboompoort and Derdepoort. In distant Natal the officer commanding the British forces, the ill-starred Sir George Pomeroy Colley, was all this time without news of die beleaguered garrison of the Transvaal's capital.

As the telegraph line from Natal had been severed, a roundabout method of communicating with Pretoria had to be devised. Dispatches were conveyed by sea from Durban to East London and from there, the contents were telegraphed to Kimberley. At the Diamond Fields a certain H. L. Dacomb volunteered to bring the dispatches through to Colonel Bellairs in Pretoria. Thus began a memorable journey through hostile country — such as bears comparison with the epic rides of Dick King and of Gert Bronkhorst and his companions.

Leaving Kimberley on the 5th January, 1881, Dacomb rode northwards probably following the main trade route to the interior for part of the way. He passed Montsioa's Kraal (in the vicinity of Mafeking) and from friendly Baralong country, struck eastwards into the fringes of the Rustenburg District; before long he was discovered, chased and fired on by a Boer patrol. He escaped north-eastwards and made his way around the Pilansberg. Again he was pursued, but eventually reached the Magaliesberg Range; here he abandoned his horse, and with the assistance of natives, penetrated the Boer outposts and arrived in the Pretoria encampment on the morning of the 22nd January. His welcome was a cordial one, particularly as Pretoria's isolation had been complete. In fact, these were the

only dispatches that reached Pretoria from beyond the Transvaal for many a weary week.

The siege newspaper, *The News of the Camp*, was under censorship and gave no details of the newcomer, merely referring to him as "the bearer" of dispatches. The Boer patriots, who had excellent intelligence sources, had wind of Dacomb's venture, but the information came to hand too late, and when warning was sent on the 31st January to Assistant Commandant-General Cronjé at Potchefstroom, Dacomb had already left Pretoria on his way back to Kimberley.

Having an eye to business, Dacomb took advantage of his assignment to receive several private commissions from Pretoria merchants who were anxious to send messages to the outer world; this dallying annoyed Colonel Bellairs, but on the evening of the 23rd January, the blockade runner slipped out of Pretoria on foot, and for three days made his way towards the Waterberg; there he acquired a horse and, doubtless assisted by the darkness of the quarter before the new moon, was able to double back towards the south-western border. He arrived back in Kimberley on the 3rd February, and was highly commended by the Civil Commissioner.

Dacomb is said to have received a cheque of £350 for this accomplishment. Whether his motives were pecuniary or patriotic, or a blend of both, on horseback and on foot he had traversed 1,100 miles in 30 days in the heat of summer. His achievement, with its elements of danger, suspense and daring, makes a colourful contribution to Pretoria's past.

A. M. DAVEY.

The Need to Preserve

*for posterity the best examples
of past creative efforts.*

IN a letter addressed to Dr. Punt, Chairman of the Association Old Pretoria, Mr. Norman Eaton, A.R.I.B.A., M.L.A., the very well-known Pretoria architect, refers to the projected "Open Air Museum" for Pretoria and gives some valuable advice: "I read with interest a report

in the "Star" of 25/10/1956 of your talk to the Women's Club about the projected "Open Air Museum" for Pretoria and the magnificent site given by the City Council. Having long been convinced of the need to preserve for posterity the best examples of past creative efforts of our people I think the move an excellent one.

"Preservation and rebuilding however are two different matters, the latter, even more than the former, requiring the most fastidious and painstaking handling if the result is not to be merely a piece of superficial sentimentality of no lasting value. To achieve their most valuable purpose, buildings such as those it is proposed to rebuild must be true right through to their core without the use of shortcut methods, out-of-date materials or fake of any sort. They must be historically correct down to the smallest detail and in the most hidden places and thus be references for more serious visitors who wish to study the building methods and design characteristics of the time. The approach is as much an archaeological as an architectural one and unless the fullest degree of accuracy is aimed at and achieved, any money spent on the work would, in my, opinion, be *ill-spent*.

"I know from experience of the impatience with which results are awaited once work of this sort is commenced and how the general public and even otherwise responsible members of an actual controlling committee will often be prepared to accept something only partially accurate rather than wait for careful research to produce the proper thing.

"In addition to this, other qualifications — patience, meticulousness and a sort of disinterested devotion to historical accuracy — is required of any man responsible for the erection of such work if the results are in any way to be worthy of the effort.

"It is because this approach is no easy one to achieve in this fast-moving matter-of-fact era we live in to-day that I feel moved to stress these points and I hope you will appreciate that it is my intention to do so in a constructive way.

"Please accept my best wishes for the success of the project."

Stadsklerk se Buitelandse Reis 1956

OPMERKINGS IN VERBAND MET BESOEKE AAN TWEE OPELUG- MUSEUMS

1. Dit was vir my moontlik om twee opelugmuseums te besoek, te wete die „Oud-Funendorp” by Odense in Denemarke en die opelugmuseum by Arnhem in Nederland. As ek Swede in my reisplan kon ingesluit het, sou ek bepaald die vermaarde opelugmuseum naby Stockholm gaan besigtig het, maar daarvoor het die tyd ontbreek.

2. Die opelugmuseum by Odense staan op landbougrond aan die buite- wyke van die stad (waarin Hans Christian Andersen sy kinderdae deurge- bring het). Die skema is betreklik jonk en is in 1946 vir die publiek oopgestel.

3. Die geboue in die museumkompleks lê taamlik na aan mekaar, maar daar is baie bome, struik en heinings tussen-in sodat 'n mens hulle as afsonderlike eenhede ervaar. Dit is nogal belangrik, want die geboue veraanskoulik afsonderlike fasette en tydsgewigte van die volks- lewe.

4. Toe die museum in 1946 oopgestel is, was tien geboue reeds opgerig. Sedertdien is nog nege bygebou.

5. Elke oprigsel in die „dorp” is 'n egte rekonstruksie uit die oor- spronklike materiaal van die geboue wat uit verskeie dele van die land verwyder is om in die opelugmuseum herbou te word. Veel sorg is aan die herskepping van die ou atmosfeer bestee, met besondere welslae.

6. Dit val moeilik te glo dat die geboue met hul mosbedekte dakke en algemene verweerde voorkoms nog maar 'n tiental jare op hulle huidige terrein staan. Die ou, uitgetrapte baksteenvloere, die plaveiklippe wat rond en glad is van eeuelange gebruik, die oorvloedige houtinlegwerk in die mure van al die geboue wat die elemente deur die jare heen grof geslaan het — al hierdie bestanddele is so haarfyn nabewerk dat die geboue die presiese wonings of buitegeboue of meulens is wat jarelank in wydverspreide dele van die land gestaan het.

7. Binne-in die geboue, in die meubels, in die ornamente en prente

herrys die huislike agtergrond en die leefwyse van die Deen van geslagte wat al lank daarheen is. In die skure en werkwinkels kry 'n mens 'n indruk van die metodes waarvolgens hy 'n bestaan aan die bodem ontwing het.

8. In Denemarke het ons met die deurreis nog baie opstalle gesien wat met die heropgerigte tipes in die Oud-Funendorp ooreenstem, maar ek verneem dat hul vinnig verdwyn en deur minder skilderagtige maar bruikbaarere geboue vervang word. Hierdie proses bied die betrokke owerheid die geleentheid om 'n goeie keur van verteenwoordigende materiaal vir die uitbreiding van die skema te verkry. Die nodige ruimte is beskikbaar.

9. Ons het 'n oggend by hierdie opelugmuseum deurgebring. Ten spyte van die ietwat ongure weer was daar heelwat besoekers. Dit is 'n baie interessante skema en ons het ons besoek baie geniet.

10. Enige weke daarna het ons die opelugmuseum by Arnhem besoek. Die ontsaglike omvang van hierdie onderneming het my verstom. Die museum lê in 'n welig beboste parklandskap wat 'n gewisse ooreenkoms met die Fonteinevallei vertoon. Ongeveer 45 morg is vir die museum gereserveer, maar 'n assistent aldaar het my vertel dat nog 'n groot stuk grond (waarskynlik naastenby 20 morg) binnekort daaraan toegevoeg gaan word.

11. Tydens die etensuur het ek die mense in of naby die restaurant waar ons middagete genuttig het, sommerso getel en by 'n getal van om en by eenduisend uitgekom. Terselfdertyd was daar baie mense in 'n restaurant in 'n ander deel van die park en talle ander het sommer op die terrein piekniek gemaak.

12. Hierdie museum is een van Nederland se grootste aantreklikhede vir toeriste. Plaaslike en langafstandbusse — waarvan sommige tot die transkontinentale dienste behoort — kom met kort tussenpose by die hekke aan. Die terrein is egter so groot dat die skare 'n mens nie so danig opval nie.

13. Hierdie groot opelugmuseum bied 'n baie omvattende beeld van die Nederlandse leefwyse in 'n vervloë era. In die dosyne plaashuise, windmeulens en landelike nywerheidsgeboue wat almal getrou herbou is uit die oorspronklike materiaal, sien 'n mens die werklike omgewing waarin die boere, vissers, skaapherders en ambagsmanne gewerk en geleef het.

14. In baie geboue word histories hoogs waardevolle materiaal ten toon gestel en bygevolg is daar in feitlik elke gebou 'n wag en as daar in 'n gebou etlike vertrekke is, is daar meer as een wag aan diens. Die wagt

verrig ook nie net bewakingsdiens nie. Hulle tree ook as gids-lektore in verband met die geboue en materiaal onder hul sorg op.

15. Ek het nie juis op die geldelike aspek van die onderneming ingegaan nie. Die Genootskap Oud-Pretoria het glo breedvoerige gegewens hieroor. Wat egter ook al uit die finale rekening elke jaar mag blyk, is hul omset bepaald, betreklik gesproke, heel aansienlik vanweë die internasionale gewildheid van die Arnhem-museum.

16. Weens die kragtige groei van die museum was die owerhede en organisasies onder wie se beskerming dit opgerig is, bereid om al hoe meer kapitaal te stort en die museum se reeds aansienlike inkomste uit toegangsgeld te vergroot ten einde die inrigting se hoë peil te handhaaf en verder uit te bou. In 1942 het die Regering die museum oorgeneem, en dit is nou 'n staatsinrigting. Die skema het duur geword, maar dit word vanweë sy groot kulturele en etnologiese waarde beskou as 'n nasionale belegging wat die moeite loon.

17. Soos ek die saak sien, is 'n opelugmuseum 'n onderneming wat moet aanhou bou. Sodra iets van historiese belang — 'n plaashuis, 'n ou kerk, 'n poort, 'n stuk plaasgereedskap, 'n wa of 'n kar, 'n huishoudelike toestel of 'n meubelstuk — met vernietiging bedreig word, moet daar getrag word om dit in die museum te bewaar. Daar kan nooit 'n stadium intree dat die betrokke owerheid op hul louere kan rus met die gevoel dat die skema finaal voltooi is en voortaan slegs onderhoudskoste en lopende uitgawe gaan verg nie.

18. Dit wil nie sê dat onderhoudskoste ooit 'n bloot nominale faktor kan wees nie. Hoe waardevoller die toonstukke is, hoe meer kos dit om hulle vir die toekoms te bewaar. Die eerste paar jaar is die hoofsaak egter die kapitaaluitleg wat nodig is om die onderneming op 'n redelike stewige grondslag te plaas.

19. As ek nou oor die Pretoriase skema kommentaar moet lewer, bevind ek my in 'n lastige posisie. Enersyds voel ek oortuig dat die skema, as en wanneer dit verwerklik word, van groot historiese en kulturele waarde sal wees. Dit kan ook 'n aansienlike publisiteitswaarde hê. Om sy doel te bereik, moet dit egter op nasionale lees geskoei wees. Daarmee wil ek nie voorstel dat die Sentrale Regering en die Provinsies gevra moet word om vir die koste op te dok nie. Hierdie instansies kan heeltereg gevra word om 'n wesenlike bydrae te lewer en aan die beheer deel te neem. In die beginjare moet die dryfkrag egter 'n onafhanklike liggaam wees wat die steun — finansiële en andersins — van die vernaamste kultuurorganisasies in die land geniet.

20. As ek aan die eerste stappe dink wat nodig is om die skema van

stapel te stuur, dan wil my gedagtes nie so mooi rigting kry nie. Hoe moet landswye belangstelling gewek word in 'n onderneming wat, sy uiteindelijke aard daargelaat, in 'n bepaalde omgewing gevestig sal wees en aanvanklik as 'n plaaslike onderneming gaan voorkom? En hoe moet die onderneming op 'n nasionale grondslag van stapel gestuur word as die ywer en ondernemingsgees by geesdriftige maar bloot plaaslike groepe berus?

21. Die beoogde beheerliggaam verteenwoordig wel velerlei belange en instansies. Mense wat in 'n verteenwoordigende hoedanigheid optree, is egter uit die aard van die saak dikwels verstok en tevrede met 'n waarnemersrol.

22. Dit kom my voor dat die welslae van die skema in die beginjare grootliks van sekere individuele vennote se geesdrif en werkkrag gaan afhang en dat die verteenwoordigers van die organisasie wat die hele plan geopper het (die Genootskap Oud-Pretoria) die spit sal moet afbyt met die beplanning en aanvoerwerk. En dan gaan hulle bepaald hul hande vol hê.

23. Ek dink nie dat dit onmoontlik sal wees om die skema tot welslae te voer nie, maar dit sal onverstandig wees om te gou te veel te verwag. Ek meen ons is op 'n beskeie aanvang aangewese. Die Genootskap Oud-Pretoria het miskien die regte opvatting van die eerste daadwerklike stap, naamlik die heroprigting van die oudste bestaande woonhuis in Pretoria, wat aan die hoek van Skinner- en Paul Krugerstraat staan en eersdaags gesloop gaan word. 'n Deel van hierdie huis kan dalk as opsigterswoning gebruik word, want al is die begin ook al hoe klein, daar sal 'n opsigter of wag op die terrein moet bly. En behoorlike omheining van die gebied is noodsaaklik. Ek het te Arnhem opgemerk dat die hele opelugmuseumterrein met 'n sterk veiligheidsheining ingekamp is.

24. In verband met die voorgestelde aanvoring van die skema wat in die vorige paragraaf aangeroei is, meen ek dat, hoewel die opvatting van die opelugmuseum op 'n breë nasionale grondslag moet berus, dit om ekonomiese oorwegings heel vanpas sal wees om met die bewaring van materiaal wat in ons midde of in die nabye omstreke van Pretoria aan te tref is, te begin.

— H. PREISS.

Die wysiging van die Statute

en Huishoudelike Reglement van die
„Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen in de Z.-A. Republiek”
in 1903.

IN die besit van die skrywer is 'n eksemplaar van die „Statuten en Huishoudelijk Reglement van de Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen in de Z.A. Republiek” soos in 1898 op die pers van die „Volksstem”-drukkery gedruk is.

In April 1893 het, onder voorsitterskap van mnr. R. D. Collins, 'n aantal onderwysers, onderwyseresse en ander belangstellendes in die opvoeding van die Transvaalse jeug in die Hoofstad vergader om die stigting van 'n vereniging te bespreek. Hierdie vergadering het plaasgevind in 'n saal van die Presbiteriaanse gemeente van Schoemanstraat. In die daaropvolgende jaar, in Maart, is dieselfde saal weer vir die tweede byeenkoms gebruik en op 28 Maart is die „Statuten en Huishoudelijk Reglement” goedgekeur. Algemene vergaderings het in 1895, 1896, 1897 en 1898 gevolg, vergaderings waaruit sekere wysigings van die „grondwet” van die vereniging voortgevloei het.

Tot wysiging van die statute en die reglement is op die eerste algemene vergadering wat na die oorlog gehou is, oorgegaan. Dit was op 21 Desember 1903.

Die gewysigde statute en reglement is daarna deur N. D. van der Reyden, van Proesstraat 94, gedruk.

In die eksemplaar van die statute en huishoudelike reglement van 1898, soos in besit van die skrywer, is die wysigings in die handskrif van die toenmalige eerste sekretaris van die vereniging, mnr. N. Tromp, aangebring. Die nuwe naam van die vereniging het geword „Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen in Zuid-Afrika.”

Belangrik is dat aan die bepalings aangaande die grondslag, die grondbeginsels, die doel en die middels om die doel te bereik nie getorring is nie. Artikel vier omskryf die doel soos volg: „Haar doel is de bevordering van eene Christelike en Nationale opvoeding in en door de school.” In artikel drie (Grondbeginsels) is o.m. verklaar: „De opvoeding moet Christelik en Nationaal zijn.”

Ons meen uit hierdie twee bepalings te moet aflei dat die bewering ascu die C.N.O.-beginsels in Transvaal na die oorlog ingevoer gewees het, van alle grond ontbloom is.

Wat wel wysiging ondergaan het blyk uit die wysiging aangaande die

lede. Voorheen was stemgeregtigde lede „zij . . . wier scholen gesubsidieerd worden volgens Wet, volgens 't Speciaal Volksraadsbesluit of door den Staat opgericht zijn.” In 1903 was stemgeregtigde lede „onderwyzers en onderwyzersessen, werkzaam aan private ‚Christelike Hollandsche’ scholen in Zuid-Afrika.”

Die ou bepaling aangaande die grootte van die bestuur is, wat die aantal betref, gewysig en op die vergaderinge is die sinsnede „de officieele taal des lands” deur „de Hollandsche taal” vervang.

In 1898 het die hoofbestuur uit die volgende ampsdraers bestaan: R. D. Collins (ere-voorsitter), J. van Bruggen (voorsitter), O. Boersman (vise-voorsitter), N. Tromp (eerste sekretaris), P. J. Möller (tweede sekretaris), H. Hesse (penningmeester) en verder P. J. Stephan, S. Mantel, M. Bresler en J. Boersma.

Op 21 Desember 1903 was die bestuur in hande van: R. D. Collins (ere-voorsitter), W. Klooster (voorsitter), F. W. Wagner (vise-voorsitter), N. Tromp (eerste sekretaris), M. Vaandrager (tweede sekretaris) en H. H. van Rooyen (penningmeester).

Die belangrikste verandering wat in die „Huishoudelyk Reglement” aangebring is was die weglating van artikel nege t.w. dat die amptelike hoofde van die na-oorlogse onderwys en hul sekretarisse asook inspekteurs van skole amshalweg toegang tot vergaderings van die vereniging sou hê en tewens die reg sou besit om vergaderings toe te spreek.

Hierdie artikel het in sy geheel verval en bewys duidelik die veranderde verhouding.


Verdere ingrypende veranderings is nie aangebring nie.

In verband met die werksaamhede van die drukker kan die volgende besonderhede nog vermeld word.

Van die eerste uitgawe van „Correspondentieblad van de Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen in Zuid-Afrika” is 400 eksemplare gedruk. Vermoedelik was hierdie eksemplare op 29 Desember 1903 gereed indien ons 'n aantekening op een van die eksemplare op korrekte wyse vertolk. Terwyl die statute en die reglement (soos gewysig) in die eerste na-oorlogse uitgawe verskyn het is daar, afsonderlik, nog 100 eksemplare gedruk. Die laasgenoemde eksemplare het in die vorm van een groot vel (drie kolomme) verskyn en op een van die velle staan in potloodskrif „100 stuks, 31 Dec. 1903.”

Wanneer 100 gewysigde eksemplare van die outydse departementele „Vorm A” („Aanzoek om een onderwyzer”) deur Van der Reyden gedruk is, is onbekend. Op daardie formulier, soos dit voorheen deur die Onderwysdepartement van die Suid-Afrikaanse Republiek gebruik is, kom wysigings in die handskrif van H. Visscher voor. Visscher het aan die voet van die voorblad geskryf: „Adres: H. Visscher, Secretaris der Comm. voor C.N.O., Bus 391, Pretoria.”

— J. PLOEGER.



*Tyd is
vir ons meer kosbaar
as wat dit vir
ons grootvaders was*

Om tyd te spaar, open 'n
rekening by die Nederlandse
Bank van Suid-Afrika Beperk.
Flinke en doeltreffende
bediening wag hier op u.

spaar tyd—spaar geld by



**NEDERLANDSE BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

(Geregistreerde Handelsbank)

WERK REG MET U GELD EN U GELD SAL REG MET U WERK

Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig 22 Maart 1948)

Association Old Pretoria

(Founded 22 March, 1948)

Ons doel: Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

Our aim: To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere-President — DIE BURGEMEESTER OF PRETORIA — *Honorary President.*

THE MAYOR OF PRETORIA.

Vorsitter — Dr. W. PUNT — *Chairman.*

Ondervoorsitter — Dr. G. W. EYBERS — *Vice-Chairman*

Sekretaris — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*

Penningmeester — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*

Argivaris — Mnr./Mr. J. PRELLER — *Archivist.*

Redakteur — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*

Lede — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Members.*

Mr. C. L. DE BRUYN.

Mnr./Mr. J. S. MEYER.

Dr. V. FITZSIMONS.

Een vaakature/One vacancy.

Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:

Mnr. W. J. BRITZ

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422, Pretoria. Bydraes moet asb. gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422, Pretoria.